# STREEKGESKIEDENIS EN DIE HISTORIKUS*

*A.G. Oberholster*
*Afdeling Streekgeskiedenis, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*

Dit is eie aan die mens om soms blind te wees vir die dinge rondom hom, te reik na die onbereikbare, en om juis dít na te jaag wat hom steeds ontwyk. Sedert die vroegste tye het hy in verwondering opgekyk na 'n voël in vlug en begeer om self sy vlerke te sprei, sy voete van die grond af te kry en te vlieg. Intussen het die mens die vliegkuns bemeester, maar steeds bly die meeste mense wat by die lugvaartbedryf betrokke is, grondpersoneel: daardie mense wat die voorbereidings moet tref vir die vlug van die enkeles.

Met die wetenskapsideaal, ook ten opsigte van geskiedskrywing, is dit nie veel anders gesteld nie. Diegene wat die hoogste sport bereik in hulle wetenskapsbeoefening moet steeds bou op die werk van andere. Geskiedskrywers is almal in mindere of meerdere mate besig om deur die bestudering van die verskillende aspekte van die menslike samelewing en die veranderinge wat dit deur die eeue ondergaan het, te soek na of by te dra tot die vind van 'n universele konstante, 'n wetmatigheid wat lig sal werp op die mens in al sy samelewingsverbande.

Slegs enkeles, soos Oswald Spengler[1] en Arnold J. Toynbee[2] waag dit om hierdie sprong te maak, en wanneer hulle dit doen, is dit in afhanklikheid van die navorsingsresultate van geslagte historici en argeoloë wat binne nasionale en streeksverbande gewerk het.

Dieselfde geld eintlik maar ook vir die historikus wat hom òf ensiklopedies òf vertolkend aan die nasionale geskiedenis waag. Hy moet hom verlaat op die werk van ander wat 'n verskeidenheid onderwerpe binne die raamwerk van die nasionale geskiedenis nagevors en geboekstaaf het. Self kan hy nie die navorsing uit primêre bronne onderneem nie.

In Suid-Afrika het ons tot dusver 'n sterk politieke konnotasie aan nasionale geskiedenis gegee; gevolglik was dit metodologies 'n relatief eenvoudige navorsingstaak met die staatsargiewe as die hoofbron van inligting en die min of meer bekende geskiedenis die aanknopingspunt wanneer dit by die boekstawing en sintese kom.

As ons dit egter waag op die terrein van 'n omvattende of integrale nasionale geskiedenis, kom ons onmiddellik voor talle metodologiese probleme te staan, waarvan die belangrikste is dat die tersaaklike navorsing nie meer vanuit 'n sentrale instellingspunt gedoen kan word nie en in groot mate op nie-amptelike bronne berus. Binne Suid-Afrikaanse konteks beteken dit ook dat baie min aandag gegee is aan navorsing wat die infrastruktuur van hierdie soort geskiedskrywing uitmaak. Een van die verwaarloosde terreine is die **streekgeskiedenis.** Hierdie leemte in die Suid-Afrikaanse historiografie het nie ongemerk gebly nie, want die huidige direkteur van die Instituut vir Geskiedenisnavorsing van die RGN, dr. C.M. Bakkes, het reeds in 1970 in sy *Verslag rakende die huidige stand van navorsing ten opsigte van die geskiedeniswetenskappe in die RSA* aangedui dat "daar 'n groot behoefte bestaan aan 'n gesaghebbende werk van ensiklopediese omvang oor die geskiedenis van ons gehuggies, dorpe en stede."[3] Hy het dit ook in die vooruitsig gestel dat die Instituut vir Geskiedenisnavorsing van die RGN dit as 'n projek aanpak en dit het uiteindelik aanleiding gegee tot die stigting van die Afdeling Streekgeskiedenis gedurende 1975.

Met die beplanning van die Afdeling het 'n aantal probleme na vore gekom waarvan sommige nog steeds aktueel is. Die eerste probleem hou verband met die vrae: Wat is streekgeskiedenis? Wat is die terrein van die streekgeskiedenis? Wat is die metode van die streekgeskiedenis? Hoe verskil streekgeskiedenis van plaaslike en stedelike geskiedenis? Om op al hierdie vrae antwoorde te verstrek is 'n haas onbegonne taak en 'n mens voel soms geneig om saam met die Engelse Standing Conference for Local History, wat hulle ook met hierdie vrae besig gehou het, te sê: "We don't know what we mean by local history, and we don't care; but we mean to go on with it".[4]

Gelukkig het ander navorsers hulle ook met die vraagstuk besig gehou, veral by die Randse Afrikaanse Universiteit, veral na aanleiding van die geskiedenisnavorsingsprojek "Die geskiedenis van die Afrikaner aan die Rand, 1886–1961", waarmee reeds in 1968 'n begin gemaak is. In 'n artikel "Waarmee is ons besig?" maak A.J. Potgieter van RAU die stelling dat stedelike geskiedenis 'n "verdieping en uitbreiding" behels van wat nog altyd onder plaaslike geskiedenis verstaan is en dat "laasgenoemde term met vrug uit die historikus se woordeskat kan verdwyn".[5] Dit is nie my voorneme om hierdie stelling te onderskryf of te verwerp nie want dit sou noodwendig meebring dat daar in besonderhede ingegaan sal moet word op wat onder die begrippe stedelike en plaaslike geskiedenis verstaan word; en hierdie is kennelik nie die geleentheid daarvoor nie.

In dieselfde artikel[6] word wel 'n opmerking gemaak wat nadere aandag verdien; dit is naamlik dat streekgeskiedenis nog nie ten opsigte van "inhoud" 'n staanplek in die historiese wetenskap verwerf het nie en "voordat dit nie gebeur nie het die begrip, net soos plaaslike geskiedenis, geen bestaansreg nie en behoort dit nie in die historikus se woordeskat voor te kom nie."

Hoewel streekgeskiedenis deur Suid-Afrikaanse historici skromelik verwaarloos, indien nie heeltemal oor die hoof gesien is nie, beteken dit nie dat dit nie bestaan of geen bestaansreg het nie. Inteendeel, die belangrikheid van hierdie studieterrein word beklemtoon deur die feit dat die Nederlanders W. Jappe Alberts en A.G. van

*Referaat gelewer tydens die sewende tweejaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging in Bloemfontein op 31 Januarie 1979.

1. *Der Untergang des Abendlandes* (München, 1919–1932).
2. *A study of history*, 12 dele (Londen, 1934–1961).
3. Pretoria, 1970, p.101.
4. H.P.R. FINBERG en V.H.T. SKIP, *Local history: Objective and pursuit* (Newton Abbot, 1973), p.vii.
5. A.J. POTGIETER, Waarmee is ons besig?, Randse Afrikaanse Universiteit, Geskiedenisprojek: Die geskiedenis van die Afrikaner aan die Rand 1886–1961, Oorsig nr. 4, 1975, p.18.
6. *Ibid.* p.21.

der Steur reeds 'n handleiding geskryf het vir die beoefening van plaaslike en streekgeskiedenis.[7]

Daar is ander aanduidings dat streekgeskiedenis in die Nederlande en België die aandag van die ernstige historikus geniet. Dit is maar net nodig om die uitmuntende publikasies in die diens Pro Civitate (Brussels, België) se reeks Historische Uitgaven en van die Afdeling Agrarische Geschiedenis van die Landbouwhogeschool, Wageningen, Nederland, ter hand te neem om 'n idee te vorm van dít wat op hierdie terrein gedoen word.

Ook in die Bondsrepubliek van Wes-Duitsland word streekgeskiedenis (die Landesgeschichte) op intensiewe skaal beoefen. Naas 'n groot aantal plaaslike historiese verenigings wat bedrywig is, is daar aan baie van die universiteite 'n "landesgeschichtliches Institut" verbonde, en haas elke *Bundesland* of provinsie se Akademie vir Wetenskappe huisves ook 'n "Kommission für Landesgeschichte". Carl Haase het bereken dat die navorser wat ten volle op die hoogte wil bly met alles wat in die Duitse Bondsrepubliek ten opsigte van die streekgeskiedenis verskyn, elke dag van die jaar ongeveer 400 bladsye sal moet lees.[8]

In Groot-Brittanje, meer in die besonder Engeland, word intensief en stelselmatig streekhistoriese en verwante navorsing gedoen. 'n Groot aantal publikasies net oor die metode van plaaslike geskiedskrywing (waarby streekgeskiedenis uiteindelik aansluit) het reeds verskyn; die eerste deur J.C. Cox, *How to write the history of a parish*, reeds in 1879.[9] Die belangrikste Engelse publikasie op hierdie gebied is die reeks *Victoria history of the counties of England*. Hierdie reeks het in 1899 deur private inisiatief ontstaan en word tans gehuisves in die Institute of Historical Research van die Universiteit van Londen. In die afgelope byna 80 jaar het reeds meer as 150 bande verskyn waarin die geskiedenis van ongeveer 40 graafskappe gedeeltelik of volledig beskrywe is.[10]

Hoewel Frankryk nie 'n buitengewoon lang streekhistoriese tradisie het nie, neem Franse historici die voortou in Europa wat die metodologie daarvan betref. Hulle het by uitstek daarin geslaag om met behulp van die kwantitatiewe metode statistiek van streekhistoriese belang te ontleed en besondere resultate te verkry.

Vir talle navorsers is dit erg frustrerend dat hierdie uitgebreide streekhistoriese monografieë wat hoog aangeskrywe word as gevolg van die oorspronklike benadering, die noukeurige navorsing en die indringende aanwending van statistiese gegewens, as gevolg van die taalprobleem ontoeganklik bly.[11] Gelukkig is een van die hoogstaande werke in hierdie reeks, E. le Roy Ladurie se tweedelige *Les paysans du Languedoc* (Parys, 1966), deur John Day vertaal en in 1977 het dit as *The peasants of Languedoc* (Utbana, Illinois, 1977) verskyn.

Een van die mees toonaangewende lande op die gebied van streekhistoriese navorsing is ongetwyfeld die Verenigde State van Amerika. Veral ten opsigte van die koördinasie van navorsingsaktiwiteite en voorligting aan navorsers is die VSA die res van die Westerse wêreld voor. Deur middel van die American Association for State and Local History word daarin geslaag "to bring together for mutual benefit those persons, institutions, or organizations working or interested in American Local history", en die organisasie self dien as die uitruilplek van idees, inligting en nuus omtrent plaaslike historiese bedrywighede.[12]

In die lig van voorafgaande bespreking kan dit as 'n voldonge feit aanvaar word dat daar vir die streekgeskiedenis 'n geldige veld van navorsing bestaan en dat dit 'n plek in die wetenskaplike geskiedskrywing het. Voortbouende hierop moes die Afdeling Streekgeskiedenis tot die punt kom om 'n *streek* binne Suid-Afrikaanse konteks te omskryf. Die Republiek van Suid-Afrika het geen streekgrense wat byvoorbeeld met die Engelse graafskappe of die Franse provinsies vergelykbaar is nie. Dit was verder duidelik dat die tradisionele of historiese streke wat in die loop van drie eeue hul beslag gekry het, nie 'n bruikbare indeling kan wees nie, eerstens omdat hulle mekaar oorvleuel, tweedens nie die hele RSA dek nie en ten slotte min ooreenkoms met die amptelike grense toon.[13] 'n Meer pragmatiese werkwyse was dus nodig.

Uitgaande van die standpunt dat die streekgeskiedenis hom besig hou met gemeenskappe kleiner as die nasionale en selfs provinsiale maar tog groter as die dorpsgemeenskap, is om verskeie praktiese oorwegings geëksperimenteer met die groepering van landdrosdistrikte, en wel op so 'n wyse dat dit 'n streek vorm wat sinvol bestudeer kan word. Hierdie groepering kon uit die aard van die saak nie lukraak gedoen word nie. Die streekindeling moes kennis neem van en rekening hou met vestigingspatrone en die sosiale en ekonomiese streekspatrone wat as gevolg daarvan oorgebly het. Daar moes rekening gehou word met die huidige en beplande aktiwiteite in die streek om te verseker dat dit nou en in die toekoms 'n geldige afbakening sal verseker. In dié verband is swaar geleun op die Departement van Beplanning en die Omgewing se Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan (NFO).[14] Die rede waarom landdrosdistrikte as die maatstaf vir groepering gebruik is, is tweeledig: In die eerste plek word statistiese gegewens landdrosdistriksgewys beskikbaar gestel, en tweedens is die huidige landdrosdistriksgrense die resultaat van 'n proses van streekadministratiewe ontwikkeling oor baie jare heen.

Met die NFO-streekindeling as grondslag is die RSA in 28 streke verdeel: die Kaapprovinsie in dertien; die Oranje-Vrystaat in vier, Natal in vier en Transvaal in sewe. Hierdie voorlopige indeling is in *Contree* no. 1 van Januarie 1977 afgedruk en vorm feitlik onveranderd die basis van die Afdeling Streekgeskiedenis se navorsingsprogram.

Die tweede vraag waarop 'n antwoord gevind moes word, het oor die benadering tot en die inhoud van die streekgeskiedenis gegaan. Onvermydelik is die ooreenkomste en verskille tussen stedelike, plaaslike en streekgeskiedenis onder die vergrootglas geneem. Dit was egter ook duidelik dat so 'n vergelyking 'n onbevredigende taak sal bly tot tyd en wyl die hoofverteenwoordigers van elk van hierdie rigtings in die praktyk hulle studieterreine duidelik afgebaken het. Om voort te kon gaan met die navorsingstaak was dit derhalwe nodig om werkbare riglyne te bepaal en algaande probleme uit te stryk.

7. Kyk W.J. ALBERTS en A.G. VAN DER STEUR, *Handleiding voor de beoefening van lokale en regionale geschiedenis* (Bussum, 1968).
8. C. HAASE, Organisationsprobleme der Landesgeschichtsforschung, *Blätter für Deutsche Landesgeschichte* 107, 1971, p.3.
9. ALBERTS en VAN DER STEUR, *op. cit.*, p.124.
10. P.B. PUGH, *The Victoria history of the counties of England: General introduction* (Londen, 1970) pp. 1 en 30–33.
11. ALBERTS en VAN DER STEUR, *op. cit.*, p.124.
12. AMERICAN ASSOCIATION FOR STATE AND LOCAL HISTORY, *Constitution*, artikel II.
13. Vergelyk P.E. RAPER, *Streekname in Suid-Afrika en Suid-Wes* (Kaapstad, 1972).
14. SUID-AFRIKA, DEPARTEMENT VAN BEPLANNING EN DIE OMGEWING, *Nasionale fisiese ontwikkelingsplan* (Pretoria, 1975).

Die besinning oor die inhoud van streekgeskiedenis het min of meer die volgende opgelewer: (1) omdat die streekgeskiedenis hom toespits op die kleiner gemeenskap en die lewensbedryf van die gewone burger in 'n bepaalde omgewing, is die benaderingshoek anders as die van die nasionale geskiedenis. Laasgenoemde is geskiedenis vanuit die "boonste strukture", streekgeskiedenis is geskiedenis op die "onderste vlak"; (2) ten opsigte van die inhoud word die ideaal van die integrale of omvattende geskiedenis nagestreef. Die strewe moet wees om soveel fasette as moontlik van die menslike samelewing in sy historiese ontplooiing vas te vang en in perspektief te plaas.

In die streekhistoriese projekte wat reeds beplan is en waarvan minstens een, naamlik die Oos-Vrystaatse Grensgordel, byna afgehandel is, word ingegaan op die volgende aspekte van die streek: die vestigingsperiode en die faktore wat daarin werksaam was; kommunikasieweë; ekonomiese aktiwiteite; die godsdienstig-kerklike lewe; die opvoeding en onderwys; die handhawing van wet en orde, en verdediging; die totstandkoming en aktiwiteite van kultuur-, welsyns- en sportorganisasies; gesondheidsdienste, politieke aktiwiteite en plaaslike bestuur en administrasie. 'n Omvattende bronnelys sal ook aanvullend gepubliseer word.

Met die projekte soos dit tans aangepak word, word nie 'n finale geskiedenis van 'n streek in die vooruitsig gestel nie. Dit dien bloot as 'n voorstudie of verkenning; die ideaal sou wees dat universiteite in hul nagraadse werk by hierdie temas sal aansluit aangesien baie van die onderwerpe wat as hoofstukke aangebied word hulle uitstekend tot afsonderlike monografieë leen.

Die streekhistoriese metodiek het vervolgens die aandag opgeëis omdat dit al gou duidelik was dat die streekgeskiedenis ander eise aan die navorser stel. Die historikus met die tradisionele opleiding vind hom spoedig op 'n ietwat ongewone terrein en moet noodwendig 'n nuwe benadering aankweek. Tradisionele opleiding lê weliswaar 'n stewige fondament en kan die streekshistorikus handig te pas kom. Dit is egter noodsaaklik dat hy hom vroegtydig oriënteer ten opsigte van 'n paar sake. Die eerste saak waaraan hy hom moet gewen, is die wye spektrum van menslike aktiwiteite waarin hy navorsing moet doen. Die tweede saak is die andersoortige eise van die navorsingsveld wat die gevolg is van die ander hoek waaruit die geskiedenis benader word. Dit beteken dat hy naas die gewone vindplekke ook die ongewones moet ontgin, dat hy ander soorte dokumente as dit waaraan hy gewoond is, moet raadpleeg, en dat hy uiteindelik anders met die dokumente moet omgaan en ander vrae daaraan moet stel. In aansluiting hierby mag dit wees dat die navorser nuwe of spesiale tegnieke moet bemeester, soos die interpretasie van lugfoto's en die vergelyking van kaarte om verandering van die kultuurlandskap te identifiseer, of die gebruik van die rekenaar en die uitwerk van programme daarvoor ten einde omvangryke statistiese gegewens te verwerk.

'n Baie praktiese probleem waarmee die Afdeling Streekgeskiedenis steeds worstel, is die koördinasie van streekhistoriese navorsing in die RSA. Die probleem is tweërlei van aard. Eerstens is daar 'n groot aantal historiese verenigings regoor die land wat in 'n mindere of meerdere mate navorsingsresultate lewer. In die meeste gevalle word van hierdie navorsing geen kennis geneem buite die plaaslike omgewing nie. Die Afdeling Streekgeskiedenis het in 1977 begin met die publikasie van die tydskrif *Contree* om 'n wyer bekendstelling aan navorsing in plaaslike en streekhistoriese verband te gee. Te min belangstelling veral van die kant van professionele historici word nog ondervind om van werklike sukses te praat. Pogings om die plaaslike historiese verenigings in 'n koördinerende liggaam saam te snoer, is onder leiding van die Stigting Simon van der Stel aangewend maar het tot nog toe, na vier jaar van onderhandelinge, geen vrugte afgewerp nie.

Die tweede probleem is dat navorsing wat van streekhistoriese belang is nie net binne geskiedenisdepartemente onderneem word nie. Dit beteken dus dat die navorsingsresultate van ander dissiplines, byvoorbeeld die aardrykskunde, die ekonomie en die argitektuur gefynkam moet word om vas te stel watter tersaaklike navorsingsgegewens bestaan.

'n Belangrike aspek wat ook nie uit die oog verloor kan word nie, handel oor die plek van streekhistoriese navorsing in die geskiedeniswetenskap veral omdat dit ten nouste saamhang met die sinvolle beoefening van die streekgeskiedenis. Omdat verskillende grondlae van die lewe van die menslike samelewing die beste vanuit die plaaslike indiwiduele gemeenskappe bestudeer kan word, moet plaaslike en streekgeskiedenis altyd die vertrekpunt vir algemene of nasionale geskiedskrywing wees. Hierdie bewering mag die indruk wek dat streek- en lokale geskiedenis nie selfstandige studievelde is nie, maar net as onderdele van die algemene geskiedenis funksioneer. Om hierdie rede is dit nodig om kortliks te let op twee uiteenlopende gedagterigtings wat daaromtrent bestaan.

Die Leicester-skool wat sy ontstaan het in die Department of English Local History aan die Universiteit van Leicester, dring daarop aan dat plaaslike geskiedenis (lees daarin ook streekgeskiedenis) vanweë sy eie belangrikheid bestudeer moet word en NIE as 'n onderdeel van nasionale geskiedenis nie. H.P.R. Finberg, 'n voormalige hoof van hierdie departement, maak die bewering dat "smaller Communities than the nation, local communities, have a history which deserves to be studied for its own sake."[15]

Daar is egter ook diegene wat 'n breëre streekhistoriese ideaal najaag. Hulle beskou plaaslike en streekgeskiedenis as die onderste vlak van 'n verdiepinggebou, sonder (en dit is belangrik) om te impliseer dat dit 'n minderwaardige aspek van die geskiedskrywing is. Dit kom daarop neer dat die wesenlike doel van plaaslike en streekhistoriese navorsing meer moet wees as die rekonstruksie van die geskiedenis van 'n bepaalde gebied of dorp net vir plaaslike konsumpsie; veel eerder moet dit die onderbou wees van nasionale geskiedenis, want alleen deur vanuit die besondere tot die algemene oor te gaan, is dit moontlik om die mens as geskiedenismakende wese te begryp.[16]

Ten slotte dan; die streekgeskiedenis, die plaaslike geskiedenis en die stedelike geskiedenis is tot nog toe te veel deur Suid-Afrikaanse historici verwaarloos. Dit is in belang van die ontwikkeling van die geskiedswetenskap hier te lande dat historici met groter waardering kennis neem van die bydrae wat streekgeskiedenis te lewer het en self meewerk om te verseker dat dit sy regmatige plek inneem. ■

15. FINBERG en SKIPP, *op. cit.*, pp.31—32.
16. HAASE, *op. cit.*, p.1, formuleer dit soos volg: "Der Idee nach ist das Objekt der Landesgeschichte weit mehr als die Erhellung der geschichtlichen Vergangenheit einer bestimmten Landschaft; es ist vielmehr die 'einzellandschaftliche Fundierung', ohne welche 'eine universalgeschichtliche Erkenntnis', welche über Staatengeschichte und politische Geschichte hinaus 'die gesamte Lebenswirklichkeit des Menschen in ihren historischen Wandlungen erfassen will', nicht mehr möglich ist."

Afdeling Streekgeskiedenis
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

## Streekindeling van die RSA

Landdrosdistriktekaart van die RSA gereproduseer ingevolge die Staatsdrukker se Outeursvergunning 5775 van 21 Oktober 1976

Section for Regional History
Human Sciences
Research Council

## Regional Boundaries of the RSA

Magisterial district map of the RSA reproduced under the Government Printer's Copyright Authority 5775 of 21 October 1976

